Les 7 - Hoofstuk 7

Die honderd vier-en-veertigduisend

7 1 Hierna het ek vier engele by die
vier hoeke van die aarde sien
staan. Hulle het die vier winde*
van die aarde in bedwang gehou,
sodat daar nie wind op die land of op
die see of teen enige boom sou waai
nie. 2 Ek het ook 'n ander engel van
die oostekant af sien aankom, wat 'n
seël van die lewende God vashou. Hy
het met 'n kragtige stem geroep na die
vier engele wat aangesê is om die land
en die see te beskadig, en gesê: 3
“Moenie die land of die see of die
bome beskadig, voordat ons die
diensknegte van ons God met 'n seël
op hulle voorkoppe gemerk het nie.*” 4
Ek het toe gehoor wat die getal is van
hulle wat met die seël gemerk is:
honderd vier-en-veertigduisend* – uit
elke stam van die kinders van Israel: 5
Uit die stam Juda, twaalfduisend wat
die seël dra; uit die stam Ruben,
twaalfduisend; uit die stam Gad,
twaalfduisend; 6 uit die stam Aser,
twaalfduisend; uit die stam Naftali,
twaalfduisend; uit die stam Manasse,
twaalfduisend; 7 uit die stam Simeon,
twaalfduisend; uit die stam Levi,
twaalfduisend; uit die stam Issaskar,
twaalfduisend; 8 uit die stam Sebulon,
twaalfduisend; uit die stam Josef,
twaalfduisend; uit die stam Benjamin,
twaalfduisend wat die seël dra.

Die groot skare in die hemel

9 Hierna het ek gesien, en kyk, daar
was 'n baie groot skare, wat niemand
kon tel nie. Hulle was afkomstig uit
elke nasie en stam en volk en taal, en
het voor die troon gestaan, en voor die
Lam. Hulle het lang wit stolasa gedra,*
met palmtakke in hulle hande. 10 Hulle
het met 'n harde stem uitgeroep: “Die
verlossing behoort aan ons God, wat
op die troon sit,* en aan die Lam!” 11
Al die engele het rondom die troon, en
ook rondom die ouderlinge en die vier
lewende wesens, gestaan. Hulle het
toe op hulle gesigte neergeval voor die
troon, en God aanbidb 12 en gesê:
“•Amen! Die lof, die heerlikheid en die
wysheid, die dank en die eer, die krag
en die sterkte kom ons God toe vir
ewig en ewig. Amen!” 13 In antwoord
daarop het een van die ouderlinge vir
my gevra: “Hierdie mense wat die lang
wit stolas dra,* wie is hulle, en waar
kom hulle vandaan?” 14 Ek het hom
geantwoord: “Meneer,c u is die een
wat weet.” En hy het vir my gesê: “Dit
is die mense wat uit die groot
verdrukking * kom. Hulle het hulle lang
stolas gewas, en wit gemaak in die
bloed van die Lam. 15 Daarom is hulle
voor die troon van God, waar hulle
Hom dag en nag in sy •tempel dien.
En Hy wat op die troon sit,* sal sy tent
by hulle opslaan.d 16 *Hulle sal nie
meer honger of dors word nie; nie die
son nie, ook geen hittegloed sal hulle
brand nie. 17 Want die Lam wat in die
middel voor die troon staan, sal hulle
soos 'n herder versorge en hulle na
fonteine met lewende water lei,f en
God sal elke traan uit hulle oë vee.”*

Bible Society of South Africa. Die Bybel 2020-vertaling (Hoofletteruitgawe) (Afrikaans Edition) (pp. 3941-3943). Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Kindle Edition.

Die indeling: Die 144 000 op die aarde (7:1-8)

- **Vier engele by die vier hoeke van die aarde (7:1)**
  - *Lokalisering*: Hulle staan by die vier hoeke van die aarde (7:1a)
  - *Hulle taak:* Hulle hou die vier winde van die aarde was (7:1b)
  - *Hulle doel:* Sodat geen wind waai nie (7:1c)
- **Gaan merk my dienaars op hulle voorkoppe (7:2-3)**
  - *Nog 'n enge*l (7:2)
  - *Sy herkoms:* Van die ooste af (7:2a)
  - *Sy taak:* Roep na die vier engele by die vier hoeke (7:2b)
    - *Sy opdrag:* Moenie land, see en bome tref nie Gaan merk my dienaars (7:3)
- **Die 144 000 is op hulle voorkoppe met 'n seil gemerk (7:4-8)**
  - Lys van stamme: Ontvang die merk op die voorkop (7:4-8)
- **'n Groot menigte verlostes loof God en die Lam (7:9-10)**
  - 'n Groot menigte uit elke nasie, stam, volk en taal (7:9)
  - Hulle oorwinningskreet (7:10)
- **Die hemelwesens antwoord met lofliedere (7:11-12)**
  - Die hemelwesens kniel voor die troon (7:11)
  - Die inhoud van hulle aanbidding (7:12)
- **Wat beteken al dié gebeure? (7:13-17)**
  - Die ouderling vra: Wie is dié mense met wit klere aan? (7:13)
  - Johannes se antwoord: Maar ú weet! (7:14a)
  - Die ouderling se verduideliking (7:14b-17)

Die groot verdrukking

Die term "groot verdrukking" kom net in Openbaring 7:14 en Matteus 24:21 (lees ook Mark 13:19) voor en verwys waarskynlik na Daniël 12:1. Volgens Daniël se verdrukking vervolg die vyand die gelowiges omdat hulle ge-trou bly aan die verbond met God (Dan 11:30-39, 44; 12:10). Volgens die briefboodskappe aan Efese, Sardis en Laodisea is die gelowiges daar besig om die stryd te verloor, terwyl Pergamum en Tiatira kompromie® aangaan (Op 2-3).
Verdrukking ontstaan dus weens die druk van kompromiee op mense om hulle geloof op te sê. Verdrukking ontstaan van binne deur dwaling, en van buite deur onderdrukking en vervolging. Verdrukking kan ook op eko-nomiese terrein plaasvind (2:9; 6:5-6), of deur tronkstraf en die dood wat kan volg.

Die oorsaak van verdrukking is gewoonlik gelowiges se getuienis oor Jesus Christus. En die felheid van die verdrukking hang af van die intensiteit van die aanslag teen die gelowiges. Die verdrukking was reeds 'n werklikheid in Johannes se tyd (1:9; 2:9-10, 22). Daar word ook daarna verwys in Johan-nes 16:33 waar die rebellerende wêreld teen die Christene optree (Rom 5:3; 8:35-36).

Een standpunt wat gehuldig word, is dat die groot verdrukking reeds begin het met Christus se lyding en dood, en verder toegepas word op gelo-wiges wat deur al die eeue heen aan Christus vashou.
Die skrywer van 1 Makkabeërs 9:27 vertel van die groot verdrukking van die volk Israel in die tweede eeu voor Christus, toe Judas doodgemaak is. Sommige sien die groot verdrukking dus as deurlopend deur die hele ge-skiedenis heen, en ander dink eerder aan die finale eindtydse oorlog tussen die gelowiges en die bose magte.